



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

EKONOMIE

PUNTE: 300

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord SES vrae as volg in die ANTWOORDEBOEK:
AFDELING A: VERPLIGTEND.
AFDELING B: Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
AFDELING C: Beantwoord enige TWEE van die vier vrae.
2. Skryf die vraagnommer boaan elke vraag.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
4. Lees die vrae sorgvuldig en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae.
6. Beantwoord vrae in vol sinne en maak seker dat die uitleg en inhoud van jou antwoord voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde waarin dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

AFDELING A (Verplichtend)**VRAAG 1 (LU1 – LU4)**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A, B of C) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 1.1.1 Opeenvolgende periodes van toenemende of afnemende ekonomiese aktiwiteit staan bekend as 'n ...
- A kringloop.
 - B ekonomiese siklus.
 - C sakesiklus. (2)
- 1.1.2 Die drie vlakke van die regering tesame met die SBO's staan gesamentlik bekend as die ... sektor.
- A private
 - B openbare
 - C primêre (2)
- 1.1.3 Die verhouding tussen uitvoer pryse en invoer pryse, uitgedruk as 'n indeks, staan bekend as ...
- A ruilvoet.
 - B handelsbalans.
 - C surplus handel. (2)
- 1.1.4 Markprys in 'n volmaak mededingende mark word bepaal deur die interaksie tussen ...
- A verbruikers en kopers.
 - B vraag en aanbod.
 - C produsente en verkopers. (2)
- 1.1.5 Dit is gewoonlik in die vorm van finansiële bystand deur die regering, ten einde produksie of 'n persoon te ondersteun.
- A Heffing
 - B Belasting
 - C Subsidie (2)
- 1.1.6 'n Monopolis sal ... verkry oor die langtermyn.
- A ekonomiese wins
 - B ekonomiese verlies
 - C normale wins (2)

- 1.1.7 Fokus op die verbetering van dienslewering aan die armes en menslike ontwikkeling.
- A SEB
 - B Asgisa
 - C HOP
- (2)
- 1.1.8 Daarop gemik om infrastruktuur en investering in besighede na afgeskepte- en onderontwikkelde gebiede te lok.
- A ROI
 - B NOS
 - C IMS
- (2)
- 1.1.9 Wanneer daar geen beperkings op handel, soos belastings op goedere of 'n verbod op invoere is nie, word dit ... genoem.
- A dumping
 - B beskerming
 - C vryhandel
- (2)
- 1.1.10 'n Positiewe gevolg van inflasie is dat dit ...
- A die waarde van geld verbeter.
 - B debiteure bevoordeel.
 - C krediteure bevoordeel.
- (2)
- 1.1.11 Toeriste wat ongesteurde natuur gebiede besoek, word ... genoem.
- A kulturele toeriste
 - B ekotoeriste
 - C saketoeriste
- (2)
- 1.1.12 Het kommersiële internasionale handel in bedreigde spesies verban.
- A CITES
 - B UNFCCC
 - C MEA
- (2)
- (12 x 2) (24)

- 1.2 Kies die woord uit die volgende LYS wat die beste by die gegewe stellings pas. Skryf slegs die korrekte woord langs die ooreenstemmende vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer (1.2.1 – 1.2.5).

Beheerde swewing; Noord-Suid verdeling; Reële vloei; Deflasie; Monopolie; Stagflasie; Vry swewend; Oligopolie

- 1.2.1 Vloei van produksiefaktore van huishoudings na besighede.
- 1.2.2 Die stelsel waar die regering die wisselkoers beïnvloed.
- 1.2.3 'n Markstelsel waar 'n paar verkopers die mark oorheers.
- 1.2.4 Die verdeling wat tussen die ontwikkelde en die ontwikkelende lande bestaan.
- 1.2.5 'n Toestand van lae groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoers.
(5 x 2) (10)
- 1.3 Kies 'n omskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter (A tot J) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDEBOEK.

	KOLOM A	KOLOM B
1.3.1	Belastings	A Afskaffing van beperkende wette en regulasies
1.3.2	Laffer kurwe	B Hulpbronne wat aangevul of vervang kan word
1.3.3	MI = MK	C Direkte- of indirekte verpligte betalings aan die regering
1.3.4	Besoedling	D Aansporings om oorsese verkope te verhoog
1.3.5	Deregulasie	E 'n Oorsaak van koste-druk inflasie
1.3.6	Uitvoerbevordering	F 'n Voorbeeld van 'n negatiewe eksternaliteit
1.3.7	Krimping	G Dui die vraag na invoere aan
1.3.8	Hernubare hulpbronne	H Toon die verhouding tussen belasting inkomme en belastingkoers
		I Wins maksimalisering
		J Hulpbronne wat nie vervang kan word nie

(8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B (Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.)**VRAAG 2 (LU1 AS1 – AS4)****(50 PUNTE – 25 MIN)**

2.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Die vloeï van produksiefaktore in 'n kringloop word na verwys as (reële/geld-) vloeï.

2.1.2 Siklusse wat vir 50 jaar of langer duur, staan bekend as (Kitchin/Kondratieff) siklusse.

2.1.3 Die (Ouditeur-Generaal/Minister van Finansies) rapporteer aan die Parlement oor die gehalte van die finansiële bestuur van verskeie regeringsdepartemente.

2.1.4 'n Depresiasie van die rand veroorsaak 'n (afname/toename) in invoere. (4 x 2) (8)

2.2 Noem die DRIE soorte wisselkoers stelsels. (3 x 2) (6)

2.3 **DATA RESPONS**

Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Keynesiane glo dat 'n verandering in totale besteding (insluitend verbruik, investering, staatsbesteding en besteding aan invoere), 'n vermenigvuldigende uitwerking op inkome het. Hulle glo ook dat ons die omvang van dié verandering met behulp van die vermenigvuldiger kan bereken.

[Aangepas uit UGO vir VOO Ekonomie]


2.3.1 Definieer die begrip, 'vermenigvuldiger'. (2)

2.3.2 Omskryf die verhouding tussen die mvg en die vermenigvuldiger. (2)

2.3.3 Bereken die vermenigvuldiger effek van 'n inspuiting van R1 biljoen in die ekonomie. Aanvaar die mvg = 0,6. (Toon alle berekening.) (6)

2.4 DATA RESPONS

Bestudeer die volgende sirkel grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.4.1 Definieer die begrip, 'Mediumtermyn Bestedingsraamwerk'. (2)
- 2.4.2 Watter departement ontvang die hoogste toekenning uit die begroting? (2)
- 2.4.3 Noem die doelwitte van die Mediumtermyn Begroting Beleidsverklaring. (4)
- 2.4.4 Wie is Suid-Afrika se Minister van Finansies? (2)
- 2.5 Bespreek 'ekstrapolasie' as 'n kenmerk van vooruitskattings. (8)
- 2.6 Verduidelik die 'vloei' in 'n kringloop kortliks. (8)

[50]

VRAAG 3 (LU2 AS1 – AS3)**(50 PUNTE – 25 MIN)**


3.1 Beantwoord die volgende vrae dienoooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnummer (3.1.1 – 3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 3.1.1 Daar is geen regeringsinmenging in 'n (volmaakte/oligopolistiese) mark nie. (8) (8)
- 3.1.2 Private voordele staan ook bekend as (eksterne/interne) voordele. (3 x 2) (6)
- 3.1.3 Die wetlike reg wat 'n patenthouer kry vir die eksklusiewe vervaardiging van 'n produk, is 'n voorbeeld van 'n (natuurlike/kunsmatige) monopolie.
- 3.1.4 Verkopers in 'n oligopolie mark is (onafhanklik/afhanklik) van mekaar se aksies. (4 x 2) (8)
- 3.2 Noem enige DRIE kenmerke van 'n monopolie. (3 x 2) (6)

3.3 DATA RESPONS

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.3.1 Wat is, volgens bostaande spotprent, die rol van die Mededingingskommissie? (2)
- 3.3.2 Noem enige TWEE doelwitte van 'n mededingingsbeleid. (4)
- 3.3.3 Noem enige TWEE instansies waarvoor die Wet op Mededinging voorsiening gemaak het. (4)

3.4 DATA RESPONS

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Chris Rock het eenmaal gesê,

“Ons het nie wapenbeheer nodig nie, ons het koeëlbeheer nodig. Ek dink ’n koeël behoort R5 000 te kos, want as ’n koeël R5 000 kos, sal daar nie meer enige onskuldige omstanders wees nie.”

Chris Rock het dalk nie markmislukking in gedagte gehad toe hy hierdie stelling gemaak het nie, maar hy het onwetend ’n volmaakte voorbeeld gegee van ’n geval waar die oorverbruik van ’n spesifieke produk lei tot oorspoel kostes op derde partye wat nie betrokke was by die oorspronklike transaksie nie (“onskuldige omstanders”). In ekonomie, staan dit bekend as ’n negatiewe eksternaliteit van verbruik en dit word beskou as ’n markmislukking omdat te veel van die skadelike goedere geproduseer word sonder enige vorm van regeringsinmenging. Te veel van hierdie skadelik produkte sal geproduseer en verbruik word, in hierdie voorbeeld word te veel koeëls verbruik en dit benadeel die gemeenskap.

[Aangepas en vertaal van welkerswkinomics.com]

- 3.4.1 Definieer die begrip, ‘markmislukking’. (2)
- 3.4.2 Noem enige DRIE oorsake van markmislukking. (6)
- 3.4.3 Gee ’n ander term vir ’n ‘oorspoel uitwerking’. (2)
- 3.5 Verduidelik kortliks die ‘sluitingspunt’ in ’n volmaak mededingende mark. (8)
- 3.6 Bespreek ‘produk differensiasie’ as ’n kenmerk van monopolistiese mededinging. (8)

[50]

VRAAG 4 (LU3 AS1 – AS4)**(50 PUNTE – 25 MIN)**

4.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (4.1.1 – 4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Per capita reële BBP word gebruik om ekonomiese (groeï/ontwikkeling) van 'n land te meet.

4.1.2 'n Doelgeboude nywerheids landgoed wat fisies omhein is en aan 'n internasionale lughawe of hawe verbind is, staan bekend as 'n (NOS/ROI).

4.1.3 Tariewe wat as 'n persentasie van die waarde van ingevoerde goedere bereken word, staan bekend as (ad valorem/spesifieke) tariewe.

4.1.4 Om die prestasie van die ekonomie te bepaal, word (ekonomiese/ sosiale) aanwysers gebruik. (4 x 2) (8)

4.2. Noem enige DRIE voorbeelde van kontantvoordele wat herverdeling van inkome verseker. (3 x 2) (6)

4.3 **DATA RESPONS**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

So vroeg as die 1920s, was daar doelbewuste pogings deur die Suid-Afrikaanse regering om beleide in te stel wat nywerheidsontwikkeling aanmoedig deur middel van invoervervanging. Die bevordering van Suid-Afrikaanse nywerhede was verder versterk deur die totstandkoming van die NOK in 1940. Yskor, Sasol en Krygkor is almal opgerig om invoervervanging aan te moedig.

[Aangepas uit, 'Economics for all']

4.3.1 Definieer die begrip 'invoervervanging'. (2)

4.3.2 Waarvoor staan die akroniem NOK? (2)

4.3.3 Noem EEN onderneming wat (volgens die uittreksel) opgerig is om goedere plaaslik te produseer. (2)

4.3.4 Noem TWEE doelwitte van invoervervanging. (4)

4.4 DATA RESPONS

Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Toestand van die Oos-Kaap:
Bevolkingsdinamika en die armoede strik
Gesondheid en mortaliteit**

Die Oos-Kaap provinsie sloer agter ander dele van die land in 'n aantal kritiese- en objektiewe gesondheid aanwysers. Alhoewel die koers van kindermortaliteit (65 per duisend in 1996 tot 'n beraamde vlak van 57 per duisend in 2010) en die onder-vyf-mortaliteit (88 per duisend in 1996 tot 'n beraamde 86 per duisend in 2010) gedaal het, bly dit onder die hoogste in die land. Lewensverwagting koerse het gestyg van 49,4 jaar in 2001 – 2006 tot 54,8 in 2006 – 2010, met hierdie koers effens hoër vir vroue.

[Vertaal en aangepas van www.ngopulse.org]

- 4.4.1 Definieer die begrip 'kindermortaliteit'. (2)
- 4.4.2 Noem enige TWEE dienste wat die lewenstandaard van mense kan verbeter. (4)
- 4.4.3 Noem TWEE aanwysers wat gebruik word om die gesondheid van 'n bevolking te monitor. (4)
- 4.5 Bespreek enige TWEE monetêre beleidsinstrumente wat gebruik word as 'n Suid-Afrikaanse benadering vir groei en ontwikkeling. (8)
- 4.6 Verduidelik kortliks die 'Vaardigheidsondersteuningsprogram' as 'n aansporing wat deur die DHN aangebied word. (8)

[50]

VRAAG 5 (LU4 AS 1 – 3)**(50 PUNTE – 25 MIN)**

5.1 Beantwoord die volgende vrae dienoreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (5.1.1 – 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 5.1.1 Veranderinge in die algemene prysvlakke word gemeet deur (prys indekse/wisselkoerse).
- 5.1.2 Die onaangepaste VPI-inflasie staan ook bekend as (hooflyn-/kern-) inflasie.
- 5.1.3 Voldoende en goed instandgehoute (fisiese/sosiale) infrastruktuur is noodsaaklik vir gebiede wat toeristebestemmings is.
- 5.1.4 Die volhoubare gebruik en bestuur van natuurlike hulpbronne word na verwys as (bewaring/beskerming). (4 x 2) (8)
- 5.2 Noem enige DRIE redes vir die groei in wêreldwye toerisme. (3 x 2) (6)

5.3 DATA RESPONS

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Terwyl die amptelike inflasiemoers van toepassing is op verbruikerspryse, is dit belangrik dat beide verbruikersprys inflasie en produsenteprys inflasie onlangs gedaal het tot binne die inflasie teiken koers van tussen 3 en 6%.

Binnelandse verbruikersprys inflasie het aanhou daal gedurende 2010 te midde van 'n toestand van relatief onderdrukte vraag en 'n appresiasie in die eksterne waarde van die rand regdeur die jaar. Verbruikersprys inflasie het dienoreenkomstig afgeneem van 'n jaarlikse gemiddelde van 7,1% in 2009 tot 4,3% in 2010. Aan die ander kant, het hooflyn produsenteprys inflasie (wat verband hou met binnelandse uitset pryse) versnel van 0% in 2009 tot 'n jaarlikse gemiddelde koers van 6% in 2010.

[Vertaal en aangepas uit die *SARB Quarterly Bulletin*, March 2011]

- 5.3.1 Onderskei tussen 'Verbruikersprysindeks' en 'Produsenteprys-indeks'. (4)
- 5.3.2 Wat is die TWEE redes vir die afname in die verbruikersprys inflasie, volgens die uittreksel? (4)
- 5.3.3 Dui die produsenteprys inflasie in 2010 aan. (2)

5.4 DATA RESPONS

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Herwinning

Herwinning het 'n verskeidenheid ekonomiese invloede. Vir die maatskappye wat gebruikte goedere koop, dit herwin en weer as nuwe produkte verkoop, is herwinning 'n bron van inkome. Vir stede in digbevolkte gebiede wat per ton moet betaal vir stortingsterreine, kan herwinning miljoene rande spaar op hulle munisipale begrotings. Die herwinning industrie kan 'n nog groter invloed hê. Ekonomiese ontleding toon dat herwinning drie maal soveel inkome per ton kan genereer as stortingsterreine en amper ses maal soveel werkgeleenthede bied.

[Vertaal en aangepas van howstuffworks.com]

- 5.4.1 Definieer die begrip 'omgewingsvolhoubaarheid'. (2)
- 5.4.2 Noem DRIE voordele van herwinning, volgens die uittreksel. (3 x 2) (6)
- 5.4.3 Noem enige EEN (ander as in VRAAG 5.5 gevra) maatreël van openbare sektor inmenging met verwysing na omgewingsvolhoubaarheid. (2)
- 5.5 Omskryf 'inflasie', as 'n ekonomiese begrip, kortliks. (8)
- 5.6 Bespreek 'toekenning van eiendomsregte' as 'n maatreël van openbare sektor inmenging met verwysing na omgewingsvolhoubaarheid. (8)

[50]

VRAAG 6 (LU1 en LU2)**(50 PUNTE – 25 MIN)**

6.1 Beantwoord die volgende vrae dienooreenkomstig.

Kies die mees korrekte woord van dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (6.1.1 – 6.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Belasting wat aan die regering betaal word, verteenwoordig 'n (lekkasie/inspuiting) uit/in die kringloop.

6.1.2 As die regering meer as 50% van die aandele van 'n onderneming in staatsbesit verkoop, staan dit as (nasionalisasie/privatisering) bekend.


6.1.3 Samespanning tussen verkopers gebeur nie in (volmaakte mededinging/'n oligopolie) nie.

6.1.4 In 'n vrye markeconomie word (nie-meriete/meriete) goedere oorverbruik. (4 x 2) (8)

6.2 Noem die DRIE regerings benaderings ten einde die invloed van negatiewe eksternaliteite te verminder. (3 x 2) (6)

6.3 DATA RESPONS

Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



6.3.1 Benoem bostaande grafiek. (2)

6.3.2 Watter TWEE fases word verteenwoordig deur B tot C en D tot E in bostaande grafiek. (4)

6.3.3 Wat verteenwoordig die lyn FG? (2)

6.3.4 Definieer die begrip 'ekstrapolasie'. (2)

6.4 DATA RESPONS

Bestudeer die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**Die Mededingingstribunaal het 'n R195-miljoen boete ingestel op
JSE-gelyste Pioneer Foods vir hul rol in 'n brood kartel**

Die kartel betrek die Tiger (Albany), Premier (Blue Ribbon), Food Corp (Sunbake) en Pioneer (Sasko en Duens) bakkerye.

[Vertaal en aangepas uit, *Mail&Guardian*, 3 Februarie 2011]

- 6.4.1 Definieer die begrip 'kartel'. (2)
- 6.4.2 Aan watter soort markstruktuur behoort bogenoemde kartel? (2)
- 6.4.3 Noem TWEE voordele van samespanning. (2 x 2) (4)
- 6.4.4 Gee 'n voorbeeld van 'n internasionale kartel. (2)
- 6.5 Verduidelik kortliks enige TWEE vraagredes vir internasionale handel. (2 x 4) (8)
- 6.6 Bespreek die rasionaal vir 'n 'koste-voordeel-ontleding'. (8)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C (Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.)

Opsteltipe vrae:

- Behoort uit 'n inleiding, inhoud en slot te bestaan.
- 5 punte sal toegeken word vir die inleiding en die slot.
- Addisionele 5 punte sal toegeken word aan die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word aan die inhoud.

VRAAG 7 (LU1 AS3)**OPSTELTIPE**

Bespreek die doelwitte van die openbare sektor en sluit jou bespreking af deur die uitwerking van fiskale beleid te verduidelik.

[50]**VRAAG 8 (LU2 AS2)****FORMELE BRIEF**

Hoe verwerk regerings markmislukkings? Maak hulle net asof dit nie bestaan nie? Of gaan hulle oor tot aksie? Ja, hulle gaan oor tot aksie ...

[Aangepas uit *Geniet Ekonomie*]

Skryf 'n formele brief aan die Minister van die Plaaslike Regering en verduidelik owerheidsinmenging as 'n gevolg van markmislukkings.

[50]**VRAAG 9 (LU3 AS4)****OPSTELTIPE**

Skryf 'n gedetailleerde opstel oor die ekonomiese aanwysers onder die volgende hoofde: Produksie, Indiensneming en Prysveranderinge.

[50]**VRAAG 10 (LU4 AS2)****OPSTELTIPE**

'Die voordele van toerisme is nie eweredig oor al die provinsies versprei nie.'

Ontleed die beleidsvoorstelle ten einde toerisme in Suid-Afrika te bevorder.

[50]**TOTAAL AFDELING C: 100****GROOTTOTAAL: 300**